**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

25ste Intervarsity—Eerste Uitgawe

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XX — VRYDAG 20 AUGUSTUS 1965 — NR. 9

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1965

# PUK KAN WEN!

**UKOVS se eerste-rugbyspan, vir môre se Intervarsity, lyk op papier ietwat gedugter en bietjie meer ervare as die jongklomp van die Puk. Indien die Pukspan egter op sy vertoning van verlede week teen die Witsies kan voortbou, gaan die Vrystaters 'n groot verrassing op die lyf loop.**

Met bekende manne soos Travers Jordaan, David Gray en Koekoes Reinecke in hulle geledere beskik die Kovsies oor 'n baie goeie span. Hulle sal egter die jaar sonder die gevaarlike skopskoen van Nick Boje moet klaarkom. Die spelers uit Katland vorm 'n sterk kombinasie wat nie onderskat kan word nie.

**OORWINNING**

Na 'n groot aantal skommelinge, veral in die agterlyn, vertoon die Pukspan in die jongste tyd baie stewig. Die grondslag vir 'n Pukoorwinning kan deur die ligte jong, dog beweeglike, pak voorspelers gelê word, wat soos tiere te kere gaan as hulle op dreef is.

**UITBUIT**

Kobie van der Walt behoort hom goed van sy taak in die agterlyn te kwyt maar die Pukke sal hier moet ligloop vir die drie valke van Ukovs wat elke fout sal uitbuit.

**ANDER**

Die Puk se ander spanne behoort goeie rekenskap van hulle self te gee. Die derdes het Witsies 27-8 geklop en die onder-twintigs is die Wes-Transvaalse liga-wenners. Die tweedes, vierdes en inter-koshuisspan behoort die wêreld ook vir die Vrystaters warm te maak.

**KAN WEER**

In verlede Saterdag se wedstryd teen Wits het die Pukspan bewys dat hy egte studenterugby kan speel soos dit gespeel moet word, en dit kan weer moremiddag gedoen word.

## Sing, Pukkies, Sing



**"'n Kovsie kan nie rugby speel, hy kan dit nie verstaan. Die stomme dier kan glad nie sing — 'n skone bobbejaan." So lyk dit wanneer die Pukke hulle keelbande vir die "paviljoen-stryd" teen U.K.O.V.S. slyp. Te oordeel na die gesigsuitdrukkings gaan die Kovsies bra moeilik die mas opkom.**

*Foto: Fotokuns*

## Kovsie-voorsitter stuur boodskap aan Pukke

**Johan Botha, S.R.-Voorsitter van UKOVS het die volgende boodskap vanuit Kovsieland na Potchefstroom gestuur.:**

Langs hierdie weg namens U.O.V.S. 'n woord van dank aan die P. U. vir C. H. O. vir die Intervarsity-reëlings van 1965.

Intervarsity is die gebeurtenis elke jaar waarna gedroom en uitgesien word, want dit vorm nie alleen 'n integrale deel van die studentelewe van enige Universiteit nie, maar is onteenseglik deel van student-wees. Die reëlings verbonde aan 'n Intervarsity is enorm. Dit is vanjaar U.O.V.S. se voorreg om die gaste te wees. Ons weet ons gaan dit geniet en hiervoor by voorbaat ons innige dank.



**MNR. JOHAN BOTHA**
**S.R.-Voorsitter van U.O.V.S.**

Vir talle studente in beide inrigtings is dit hul eerste Intervarsity. Wees stil, geniet dit en sien uit na die volgende Intervarsity.

Aan diegene wat hulle laaste Intervarsity bywoon onthou: dit is julle plig om dit ten volle te geniet! Nogmaals hartlik dank Pukke en beste wense.

# VERRASSING WAG OP UKOVS SE RUGBYSPAN

**„Puk-rugby is vanjaar baie gekritiseer, miskien meer as in enige vorige jaar," sê Dave Tromp, kaptein van die P.U. se eerste rugbyspan.**

„Of die kritiek regverdig is al dan nie wil ek my nie nou oor uitspreek nie, maar as mens in aanmerking neem dat slegs drie van verlede jaar se eerstespanspelers die jaar weer beskikbaar is, en dat agt onder-twintig spelers deesdae senior rugby moet speel, moet mens noodgedwonge die huidige prestasies in 'n ander lig sien."

**HOOGTEPUNTE**

**Vanjaar het egter sy hoogtepunte opgelewer: Rhodes is oortuigend geklop, en vir die eerste keer in jare moes Lichtenburg en Dorp baie bedroë daarvan afkom. Die O/20 span het hulle liga gewen, en die ander spanne staan hoog op die puntelys. Die vyftien Theos-manne is vasberade om die jaar se Intervarsity nog 'n sukses te maak. Of liewer, dié hoogtepunt van die jaar.**

Intervarsity haal gewoonlik baie meer uit enige speler as waartoe hy normaalweg in staat is. Die geesdrif waarmee die spelers hierdie Saterdag tegemoet gaan, kan 'n baie groot verrassing vir die aanhangers van die Kat oplewer.

**SLAGGEREED**

Al negentig man wat Saterdag die geel trui oor die kop gaan trek is fiks, slaggereed en met die nodige ondersteuning van die massa op die pawiljoen gaan hierdie Intervarsity nog 'n geskiedkundige dag in die annale van Puk-Rugby word.

**Aan die manne van U.K.O.V.S. Hartlik welkom, ons sien uit na die wedstryd.**

# S.R.-VOORSITTER SÊ WELKOM AAN KOVSIES

**"Hartlik welkom Kovsies." So sê mnr. Fanie du Plessis, S.R.-voorsitter van die P.U., in 'n verwelkomingsboodskap by geleentheid van die 25ste Intervarsity tussen die universiteite van Potchefstroom en Bloemfontein.**

„Baie dankie dat u weer eens geen moeite ontsien het om met ons te kom meedoen aan die Groot Geleentheid van die jaar nie. Dankie dat u weer eens met ons wil kom meeding op die sportveld."

**RYKER**

„Net soos goeie wyn in gehalte toeneem met die verloop van tyd, so word ons Intervarsity elke jaar ryker en voller aan tradisies."

Mnr. du Plessis het die begeerte uitgespreek dat vanjaar se botsing hierdie proses verder voer.

**OORGAWE**

„Laat ons met mening aanmekaar spring, die stryd met oorgawe voer, met die doel om te wen, soos dit 'n goeie sportman betaam. Laat ons egter, as ons nie die paal haal nie, ook die nederlaag soos goeie sportmanne aanvaar."

**KONTAK**

Mnr. du Plessis het gesê dat 'n geleentheid soos Intervarsity, afgesien van mededinging, hom ook uitstekend tot kontak leen tussen studente van die twee Universiteite. Gedagtig daaraan dat U.O.V.S. en die P.U. vir C.H.O. twee van slegs vier in die hele wêreld is, moet hulle mekaar ook indiwidueel ontmoet.



**MNR. FANIE DU PLESSIS**
**S.R.-Voorsitter van die P.U.**
Foto: Fotokuns

„Laat ons dus, al strydende teen mekaar, vriende maak. Maak u tuis, en mag die 1965 Intervarsity iets uit die boonste rakke wees", het mnr. du Plessis ten slotte gesê.

## INTERVARSITY 'N KWARTEEU OUD VANJAAR

**'n Kwart-eeu van Intervarsities!!! More se botsings sal die 25ste tussen die universiteite van die Vrystaat en Potchefstroom wees. In die tydperk het laasgenoemde nege en die manne van anderkant die Vaal vyftien van die eerstespan rugbybotsings gewen.**

**So het die stryd tot op die vooraand van kwart-eeu merk verloop:**

| | | |
|---|---|---|
| 1927: | U.V. | 6-4 |
| 1938: | P.U. | 11-8 |
| 1943: | U.V. | 8-6 |
| 1944: | U.V. | 11-3 |
| 1945: | P.U. | 4-3 |
| 1946: | U.V. | 10-5 |
| 1947: | U.V. | 7-6 |
| 1948: | U.V. | 20-6 |
| 1949: | P.U. | 8-3 |
| 1950: | P.U. | 11-5 |
| 1951: | P.U. | 6-3 |
| 1952: | U.V. | 12-11 |
| 1953: | U.V. | 3-0 |
| 1954: | U.V. | 21-8 |
| 1955: | P.U. | 16-3 |
| 1956: | P.U. | 13-6 |
| 1957: | U.V. | 8-3 |
| 1958: | U.V. | 19-13 |
| 1959: | U.V. | 24-6 |
| 1960: | U.V. | 11-9 |
| 1961: | P.U. | 11-0 |
| 1962: | U.V. | 14-13 |
| 1963: | U.V. | 28-5 |
| 1964: | U.V. | 19-11 |
| 1965: | ? ? | ??-?? |

## Die Puk gaan more wen sê oud-dirigent

**Die Puk gaan môremiddag wen ! ! ! So sê Hans van Zyl, die bekende P.U.-dirigent wat tot twee-driejaar gelede die Kovsies „seer houe" op die paviljoen toegedien het.**

**Spectator haal in die uitgawe van Die Wapad sy bril af en oorhandig dit aan Hans om sy blik oor die Intervarsitytoneel te laat dwaal.**

SANLAM
*vir Beskerming*

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

Ruikers vir alle
geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

FLEURETTE
BLOEMISTE
Sleep in by Fleurette vir
julle BLOMME . . .
SPESIALE AFSLAG
Kerkstraat 143 Tel. 4062

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
Opberging
van fietse gedurende
vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Paradise
Restaurant
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

die WAPAD
VRYDAG 20 AUGUSTUS 1965

# Intervarsity by kwarteeumerk

YEAH, Yeah, Yeah! Duisende gillende jongmense in histeriese ekstase oor die wel en wee van vier langhaarmans.

Kom Pukkies, nou, nou!!! U.K.O.V.S.--Ukovs!!! Honderde jongmense moedig opgewonde en vol lewenslus hulle makkers op die sportveld aan.

Hoe verskillend is die wese en inhoud van hierdie toejuigings nie. In sy verwelkomingsboodskap aan die studente van die Vrystaatse Universiteit sê die Studenteraadsvoorsitter van die P.U. by geleentheid van die vyf-en-twintigste Intervarsity tussen die twee universiteite, dat hierdie twee universiteite slegs twee van vier in die ganse wêreld is.

Vier universiteite wat gekenmerk kan word deur 'n konserwatiewe gees van christelike-nasionalisme, terwyl die begrippe in 'n snel kleiner wordende wêreld al skaarser en skaarser word.

Daarom is dit ook die plig van elke Puk en Kovsie, wat die jaar aan die Intervarsity deel sal hê, om die feit van hulle verantwoordelikheid teenoor God, Volk en Vaderland vas te gryp en voortdurend voor oë te hou.

In 'n tydperk waar die Afrikanervolk meer as ooit deur die kritiese oog van die buiteland beskou word, kan nie toegelaat word dat so 'n groot byeenkoms as die jaarlikse Intervarsity as 'n stok gebruik kan word deur hulle wat so graag houe teen die Afrikaner en ook die Afrikaanse student uitdeel nie.

In die boodskap word daar ook op gewys dat Intervarsity hom uitstekend leen tot naderkennismaking tussen die studente van die twee universiteite.

Laat ons dus almal van die geleentheid gebruik maak ,,om mekaar individueel te ontmoet, en al strydende teen mekaar vriende te maak."

Intervarsity is en bly egter die dag van die sportman. Laat daar dus ook dankbaarheid wees dat die Afrikaanse student hom nog op hierdie wyse kan uitleef, en laat hierdie dag se gebeurtenisse ook dien as stimulus vir hulle wat die eeu-oue wysheid van 'n "gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees" uit die oog begin verloor het.

Aan alle studente by hierdie kwart-eeu Intervarsity word aangename spel en bywoning toegewens in die gees wat kenmerkend van die twee universiteite is. Laat dit 'n mylpaal van betekenis op die Intervarsity-pad wees.

## HANS VAN ZYL LOER . . .

# —Deur My Lens—

NOG 'N JAAR, nog 'n intervarsity. En amper sê ek nog 'n lykskouing vir die Puk se eerstespan. (Die sewe **post mortems** van die afgelope agt jaar speel sy rol in die onderbewussyn). Nieteenstaande die pasafgelope reeks nederlae van die eerstes, bly die komende intervarsityuitslag op hierdie tydstip ruim so onpeilbaar soos die ,,Karawaki bird"-embleem by die ingang van die Frans du Toitgebou.

**SKRAAL EEN**

Van die vier-en-twintig intervarsitybotsings tussen die Kat van U.O.V.S. en die Leeu van die Puk, het die Bloemfonteiners 15 gewen en die Potchefstroomers nege. Geeneen van die spanne kon tot dusver daarin slaag om 'n gelykopbeslissing in beide spanne se guns af te ding nie. Dit is 'n prestasie wat nog behaal moet word.

Albei spanne het egter reeds wedhardloopoorwinnings behaal. Die roemrykste Puksege was in 1955 toe Dewey de Wet se span met Dick Putter in sy geledere met 16 — 3 geseëvier het, terwyl U.O.V.S. in 1963 'n kriekettelling van 28 — 5 op die Olënpark opgestel het toe Piet Bingle se span met net twaalf van hul spelers op die veld was teen die tyd dat die eindfluitjie geblaas het. By nie minder as ses geleenthede was die punteverskil 'n skrale een of twee.

In die vier-en-twintig wedstryde het die Pukke 'n puntetotaal van 189 behaal en U.O.V.S. 245. Gemiddeld dus 7.88 punte teenoor 10.21.

**VERSTROOIDE**

Tot dusver vanjaar het die Puk se jong en onervare ,,Theos"-span die indruk van verstrooide pelgrims geskep. Hulle sluimerende potensiaal moes deurgaans van bo-af aangeblaas word, die latente vasberadenheid om dwarsdeur elke wedstryd vorentoe te dryf het ontbreek. Die wedstryde is teoreties aangepak en die punte wou maar net nie vanself kom nie.

Ondersteuning, woel en werskaf op die veld het nie bestaan nie. Met die windbuks is aangeval en die .303 is in die kleedkamer agtergelaat.

**POPSPELETJIE**

Net die eerste rugbyspan kan Intervarsity wen of verloor. Van die vyftien manne wat die span uitmaak hang alles af. Dit gaan nie 'n popspeletjie wees nie. Net hulle honderd-en-vyftig vingers kan die kastaiings uit die vuur krap, alleen hulle dertig voete kan spoorsny doellyn toe vir die punte. Van hierdie groot verantwoordelikheid is hulle terdeë bewus.

**Noem my 'n optimis, maar ek voorspel dat die Pukke hierdie vyf-en-twintigste intervarsity gaan wen. Hulle het die spelers, die kruitvat moet net vlamvat. U.O.V.S. mag die gunstelinge wees; dit sal egter nie die eerste maal wees dat die gunstelinge tweede kom nie.**

# In U Lig

PREDIKER 11. 9: ,,Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid, en wandel in die weë van jou hart en die aanskouing van jou oë. Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."

**Dit is weer Intervarsity en 'n tyd van pret en plesier waarin elkeen deel. Daarmee is op sigself niks verkeerd nie. Om vrolik en bly te wees is heeltemal reg. Om deel te hê aan die plesier is ook goed. Wat egter wel van belang is, is hoe ons daaraan gaan deelneem, in watter gees ons dit gaan geniet?**

**Ook die Prediker raai die jongeling aan om hom in sy jeug te verbly en vrolik te wees. Om te geniet wat sy hart begeer en sy oë aanskou. Dit belet hy nie maar hy skryf voor hoe dit moet geskied as hy die jongeling herinner dat God hom oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. Die jongeling moet dit so geniet dat hy sonder vrees voor God sal kan verskyn. Daarom moet die hart en die oë op God gerig wees. Dan sal hy in sy plesier ook trag om God te verheerlik.**

**Dit moet dan ook die wyse wees waarop ons ons in hierdie dae geniet. Ook in ons plesier moet ons handel volgens Gods Woord en moet ons God se eer voorop stel. Alles wat nie tot Sy eer strek nie moet vermy word. Nou is dit dikwels so dat met Intervaristy drank misbruik word en die euwel moet ons vermy want dronkenskap strek nie tot Gods eer nie.**

**Laat ons daarom in hierdie feestelike tyd steeds sober bly en ons nie skuldig maak aan enige wanpraktyke nie. Dan hoef ons God se gerig nie te vrees nie.**

## ,Bank' klasse om gees te vang?

**Geagte Redaksie,**

Die gees van die intervarsity het voorwaar sy oorsprong op die Alabama-toer. Dit kon almal gesien het toe dit nou die nag per sleepwa op die kampus verskyn het.

'n Fantastiese gees; dit het self die sleepwa tot by sy bestemming gestoot.

Vir ons as eerstejaars, hou die Intervarsity 'n week vol opwinding droogmaak en veral klasse bank in. (/?? — Red.)

Die beginsel hier op universiteit is samewerking en spangees. Daarmee sal ons eerstejaars, so glo ek, nog verras word, want vir ons is dit iets nuuts.

Sover ek weet is die druiwe hier op Potchefstroom nog nie die tyd van die jaar ryp nie. Verlede jaar was daar egter 'n natuurfrats, en die Kovsiedirigent het hom toe glo vergryp.

Pukke, dis die eerstejaars wat die jaar die gees van die intervarsity gaan vang.

Sien julle daar!
Adios,
Geeslulla.

(Onthou die naam volgende keer, gesie. —Red.-D.W.)

## Tussen Ons Gesê

## Vrystaters moet mooiloop

**Geagte Redaksie,**

Net die volgende aan die Kovsies:

,,U.O.V.S., ons gaan jul hamer,
Ons kry jul tog so jammer!
Ons wil nie hê nie
Dat julle moet bly lê nie.
Duik die Kovsies tot hul smeek
Hul sal tog nie breek."

Eerstejaars, Ons Huis.

## Kovsies welkom

Geagte Redaksie,

,,Om altyd iets te hê om na uit te sien, hou 'n mens aan die gang — dan gaan die tyd tog so gou om.

'n Student lewe van een hoogtepunt in sy lewe na 'n volgende, dikwels oor die laagtepunte heen!

Een van die hoogste hoogtepunte van elke ,,studiejaar" is seker die Intervarsity.

Sonder Ukovs sal hierdie baken in die studentelewe nie moontlik wees nie — en daarom kan hulle seker wees dat hulle baie welkom by ons is.

Ons sien sommer baie uit daarna om hulle hier by ons te hê — en ons wil graag hê hulle moet dit weet.

A. Griffioen.
Hoofdame,

## Voetspore dui op gewigtige span

Dis weer tyd vir die gebruiklike intervarsity-stryd teen die Kovsies. Enigsinds onrusbarend vir die Puk-geledere is die, nogal groterige, voetspore wat orals op die kampus rondlê. Mens wonder onwillekeurig of die verskynsels wat sulke spore nalaat dalk in die Kovsies se eerste span speel. Indien die vyand werklik so grootvoetig sou wees, sou nie alleen die Puk se haker nie, maar die hele span maar noustrop trek teen wesens van die kaliber.


Sou die Vrystaat nou werklik ook die grootste voete hê? Om die waarheid te sê lyk die gedoentes hier op die kampus soos die spore van kreature uit die buitenste ruim, maar met die Vrystaat se mense kan mens ook nooit seker wees nie.

Miskien moet ons maar hoop dat dit net die Kovsies se loopvlakke is wat bietjie buite verhouding groot is, anders sal jy dalk van die KOVSE moet praat.

Gelukkig brul die Puk se Leeu darem nog met 'n dik stem en dit opsigself sê al baie vir die manne aan die kant van die Vrystaat se Vaalrivier.

—(Varia Red.)

# NOU OF NOOIT!




# HANS LAAT WINDE VAN VERANDERING WAAI

**„Winde van verandering het oor die kampus begin waai, want soos almal al gesien het — die tyd is ryp vir Intervarsity." Die woorde van insig kom van die Puk se onder-dirigent, groot Hans Erasmus.**

„Ons sien al "spore" daarvan op die kampus. Dit word al woeliger by middernag en as gevolg hiervan sit party dameskoshuise sonder drumpels. Hulle sal maar voorlopig komberse vir deure moet gebruik," het hy gesê.

Die knaende soektog na donkies het begin. Ons hoop maar dat die manne nie aangetas word deur hierdie natuurgedrewe voertuie nie en sodoende Intervarsity in 'n "July" laat ontaard nie.

Die nuwe sangbundel is in gebruik en die Pukke geniet die leer van nuwe liedjies. Hierdie jaar gaan ons die Kovsies weer wys hoe moet 'n mens sing.

Ons Leeu gaan hulle Kat van sy pote af brul: ook op die rugbyveld.

Hy het 'n beroep op alle Pukke gedoen om „lekker gees te vang."

## Skynhof gaan strafsaak behandel

„Die agterliggende gedagte in die jaar se skynhof is om 'n eenvoudige strafsaak in die landdroshof te laat afspeel waarin juis die tipiese karakters, wat mens soms by sodanige sake kry, optree," het mnr. Attie Badenhorst, voorsitter van die P.U.-Regsvereniging in 'n onderhoud gesê.

Die skynhof vind Vrydagaand om half-agt in die Frans du Toit-gebou plaas.

# KAT-ASTROFE WAG OP DRAERS VAN ZEBRABAADJIES UIT DIE VRYSTAAT

**IN MÔRE SE INTERVARSITY gaan die Kovsies nie net met sportmanne en dames van faam te doen kry nie, maar ook met die baassang van die Pukke. Die P.U.-hoofdirigent Theo Vorster, het die volgende boodskap aan alle Intervarsitygangers gerig:**

**Op Vrydag, 20 Augustus klap die eerste skote wat Intervarsity van 1965 inlui, ons jaarlikse kragmeting teen die Hoërskool van die Vrystaatse vlaktes — met een-skoot-in-die-bladfontein.**

Hierdie ou universiteitjie met die zebrabaadjies wil mos nou ook grootmensrugby speel. Dis die tweede groot fout wat hulle gemaak het. Die eerste fout is dat hulle daaraan gedink het om rugby te speel.

**WEESDASSIES**

Saterdag sal die klomp Kovsies soos 'n spul weesdassies, kaalpens op die paviljoen sit en aanskou hoe die eerstespan-KAT-astrofe afgespeel word. Die span van die Kat sal al nege hul lewens nodig hê om tot halftyd uit te hou.

**Gelukkig het die vervaardigers van „Pets-delight" ingewillig om 'n paar blikkies afvalvleis beskikbaar te stel vir ons Kat vriende. Dit sal hulle g/o krag gee om die tweede helfte aan te pak.**

Terwyl die Kovsies op die veld „sat" gespeel word, sal die Pukkies op die paviljoen wys dat ons kan sing!

Die aspirant Toscanini's van die Kovs sal maar bedroë daarvan afkom. Daar is hul hoofou — ou Hans Verflenter, wat met sy afdraand gesig soos 'n dors bobbejaan, sal probeer om die katgesanik harmonieus te laat klink.


**AFWEERSTASIE**

En hulle „second-in-charge" is ou Winston (nee, nie Churchill nie!) maar Lordan. Dis die ou met die ore soos 'n afweerstasie se radartoestel. As hy sy lyfie en armpies swaai, lyk dit net soos 'n hans hotnotsgot wat die Zoeloe-riel doen.

Die Kovsies het die twee ouens saamgebring omdat hulle te skaam is vir hul ander outjies.

Wel, Pukkies, daar bly vir my nog een ding oor om te sê, en dit om julle alle sukses toe te wens met die slagting van Olënpark. Werk maar versigtig met die Kovsies — hulle moet nog terugkeer vlaktes toe. Dat ons gaan skoonskip maak is net 'n kwessie van tyd! (40 minute aan elke kant).

Onthou die sukses en goeie gees van Intervarsity hang van elke Pukkie af. Sing lekker, speel lekker en geniet dit!



**THEO VORSTER,**
**Hoordirigent van die Puk.**
Foto: Fotokuns

## Waarskuwing aan Korfbalspan

„Aangesien ons oor agtien potensiële Springbokspeelsters beskik, is ons kanse redelik goed om hierdie kragmeting teen Ukovs oortuigend te wen", het Loureen Human kapteine van die P.U.-korfbalspan gesê.

„Ukovs, wees dus gewaarsku' Ons het ook 'n paar „tips" by die stoeispan gekry en ons wil die span sien wat ons nou kan vasvat ! ! Met speelsters soos: Janette Wissing, Hannetjie Geldenhuys, Anette Schutte, Christa Hattingh, Ina Pienaar, Liechen Rautenbach, Sarie Moodie, Christa Mulder, Loureen Human, sal ons hulle ongetwyfeld 'n bantoepak gee!



## *Groot Hans In Aksie!!*

**Die Kovsie-dirigent, dit is nou die ou met die „Blanko-gesig", gaan beslis Saturdagmiddag so voel te oordeel na die sang en die belistheid van die Pukspanne. Hy sal as't ware 'n koning op sy eie asblik wees ! ! !**

Foto: Fotokuns

## Tafeltennisklub reg vir Kovsies

„'n Woord van hartlike welkom ook van die kant van die P.U.-Tafeltennisklub af aan Johan Botha en sy Kovsie-kamerade wat weer eens ons vreedsame kampus kom terroriseer, ons spanne kom (probeer?) intimideer, en ons aster kom viktimiseer — of is dit nou visinteer?! Ons is reg vir julle!" So sê Piet van der Walt, kaptein van die P.U.-Tafeltennisspan.

"Ons spelers is fiks en vol moed. Veral die eerste mans- en damespanne wat 'n wêreld van ervaring en belewenisse met hulle saamgebring het van die interuniversitêre toernooi in Kaapstad, is baie optimisties en sien met vertroue uit na die kragmeting met die room van Kovsieland se „ping-pong" spelers.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

**na aksie.. satisfaksie**




**vol–ja smaakvol**



Dave Tromp, eerste span rugbykaptein van die Puk, lyk beslis of hy gewigtige woorde van waarskuwing aan die Kovsies stuur. Die foto is geneem tydens 'n opname vir Studentevaria. In die middel verskyn mnr. Karl Bosman van die S.A.U.K.




## Bande met België het by Maria Van Riebeeck begin!

Die heeleerste dame om in Suid-Afrika te kom woon, was van Belgiese afkoms. Sy was Maria de Queillerie, vrou van Jan van Riebeeck. Haar ouers stam uit dié deel van Suid-Nederland wat eers in 1830 as België bekend geword het.

Ons bande met België strek dus oor drie eeue.

En deur die jare het Vlaams en Afrikaans die tweeling van die Dietse Taalgroep gebly. Ons verstaan mekaar . . . ondersteun mekaar. Werk kop in een mus saam op kultuurgebied. Ken mekaar. Daarom voel ons mense tuis in België, waar ons selfs sake in Afrikaans kan beklink.

Laat SABENA u onder sy vleuels neem en vertroetel. Sodra u 'n Sabena-Boeing binnestap, kan u met die lugwaardin Afrikaans praat. U voel tuis terwyl u in weelderige gerief reguit vlieg na Brussel – hart van die Euromark – waar winskanse op u wag. Of kuier rustig rond in Brugge, die antieke kultuurstad. En praat gerus oral Afrikaans. Sabena- snelvlugte na enige vastelandse hoofstad en Brittanje.

Of bly oor in wonderlike Spanje teen geen ekstra koste nie.

Gesels gerus met u reisagent oor Sabena.

SABENA IATA

BELGIESE Wêreld-LUGDIENS

Inter-kontinentale Boeing-stralers van een vasteland na 'n ander. Kontinentale Caravelle-stralers dwarsdeur Europa en die Midde-Ooste.

Grant 486-3





*Dit is die snit wat tel . . .*

- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

**POTCHEFSTROOM**

**Posbus 219 — Tel. 3411**


# PUKKE LYK SOOS BABERS WAT BRUL, SÊ KOVSIE

**ONRUS heers blykbaar aan die Vrystaatse Universiteit, want hulle dirigent, ene mnr. Venter, is nie skaakbaar gestel nie. Sy plek word deur Winston Lordan ingeneem, van wie die volgende skrywe ontvang is:**

Die onvermydelike moet weer gebeur, nê. Ons moet al weer kom om julle af te slag — "Intervarsity" noem hulle dit!

**Vir ons is julle toekoms so duister dat as hulle jul met 'n steenkool gooi, dan gaan daar 'n wit kol sit. Veral daardie Moroeti van die Etiopien geloof wat julle as rasieleier gekies het en met rubberknuppels in sy amp moet hou.**

Daardie klomp Khalifas wat julle gewoonlik op 'n Exodus hier na ons toe stuur se kanse is nog slegter. Julle arme drommels besef mos nie dat hier in Bloemfontein julle so opsigtelik is soos 'n brullende baber teen die weeklaagmuur van 'n Joodse sinagoge nie.

Daardie kêrel van julle — ja dis reg — die een met die krater tussen die ore en die eienaardige gebare wat 'n sirkusbobbejaan na Pous Abdoel Raman van der Merwe laat lyk, kan ook maar gerus sy botteltjie gedistilleerde koei en Marie-beskuitjies in 'n bondeltjie draai en die pad vat na Bramapoertang toe.

Daar sal hy seker 'n gunstige ontvangs kry by die klomp fanatieke eskimo's wat sy soort gewoonlik gebruik as 'n droogbalk vir ses maande oue Bokkoms.

Nogtans hoop ons dat julle Pukke nou nie te veel afgeskrik word nie, maar wel al jul moed bymekaarskraap en 'n bietjie kom kuier. Ons sal dit verwelkom om so 'n paar kaalkop Pukkies in ons midde te hê.

Ons hoop dat hierdie Intervarsity die grootste van almal sal wees en sal meewerk tot nog stewiger vriendskapsbande tussen Kovsie- en Pukkieland, aldus mnr. Lordan.

# P.U.-TENNISSPAN SE KANSE GOED, SÊ KAPTEIN

**„AAN al die tennisspelers van Ukovs: Hartlik welkom in ons midde! Ons sien uit na die botsing op die tennisbaan. Mag al die wedstryde in 'n ware studentegees afgespeel word en mag dit gekenmerk word deur 'n ware sportmangees." So sê Pieter van der Walt, kaptein van die P.U.-tennisspan.**

Wanneer ons die Pukspan van nader beskou, blyk dit dat die kanse van die Pukke om vanjaar Intervarsity te wen, besonder rooskleurig is. Hoewel Ukovs met groot name in hulle tennisspan spog, byvoorbeeld veteraan David Gray, het die Puk weer vanjaar 'n sterk gebalanseerde span.

**OPDREUN**

Die Pukke behoort met manne soos Dawie Smith, Theo Malan, Piet Mitchell, Pieter van der Walt die Kovies goed op te dreun. Hoewel die Pukmans verlede jaar die knie moes buig, gaan hulle vanjaar alles in die stryd werp om die bordjies op hulle eie bane te verhang.

Wat ons dames betref, behoort die Puk koning te kraai in sowel die eerste- as die tweedespan. Met 'n paar nuwelinge in ons geledere en met dames soos Helen Dreyer, Louisa Joubert, Susan Aucamp, Stella Venter en Marieta Brink, gaan die Kovsies beslis moeilikheid kry, het hy gesê.

**Die botsing beloof om tennis van hoogstaande gehalte op te lewer. Die wedstryde begin reeds Vrydagmiddag om 1.30 nm. op die Puk se bane en almal word uitgenooi om die wedstryde by te woon.**

## *Die Wapad Sê— Vang Gees PUKKE ! !*



JASPER BRAND
Foto: Fotokuns

## Tuisspan beloof warm ontvangs aan stoeiers

„Die Stoeiklub wil die Kovsies hartlik welkom heet vir die eerste stoei-intervarsity op die Puk se mat, het Jasper Brand, kaptein van die Puk-matmanne gesê.

Die Puk-kaptein het die Kovsies 'n baie warm ontvangs op die mat beloof, want die tuisspan beskik oor twee S.A.U.-kampioene en 'n tweede plek in die S.A. Inter-universitêre spankompetisie.

Die onlangse oorwinning van 8 punte teenoor 1 oor N.K.P. kan as bewys dien van die stoeiers se gereedheid.



PIET VAN DER WALT
Foto: Fotokuns



MEJ. RINA ALBERTS
Foto: Fotokuns

## Opgedra aan hokkiespelers

**KOVSIES: Ek wil julle welkom heet.**

**O!! Die Intervarsity het ons beet!**

**Ons is so bly dat julle kom**
**Selfs ons bome wil beginne blom.**
**Mag ons lekker speel,**
**En niks ons ooit verveel.**
**Baie welkom Kovsies!'**

Die woorde van verwelkoming kom van Rina Alberts kapteine van die P.U.-Dameshokkiespan.


„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# SOKKERSPANNE VIR EERSTE KEER TEEN MEKAAR

**Dit is moeilik om 'n voorspelling te waag oor die sokkerspanne se uitslae aangesien dit die eerste keer is dat die Kovsiespanne op die gebied teen die Pukke gaan deelneem, het die kaptein van die eerste sokkerspan, Johan van Wyk, gesê.**

Die Pukke se drie spanne gaan in elkgeval alles in hul vermoë doen om skoonskip van die Kovsies te maak.

Met uitblinkers soos Johan Moens, in die voorlyn van die eerstespan, en 'n uitstekende doelwagter soos Chris Coetzer, is dit moeilik om te dink dat die Kovsies die pyp sal rook. Die Pukke beskik ook oor veteraanspelers soos Fanie du Plessis en



JOHAN VAN WYK
Foto: Fotokuns

Willem Botha, om nie eers van die belowende jong vleuel, Willie Brewis te praat nie. Wat die agterspelers betref, beskik die span oor die dienste van die bestendige drie heelagters Awie Wright, Johan van Wyk en Fanie van Wyk.

Die tweede span kan hulle goed van hul taak kwyt. Dit is moeilik om individuele spelers uit te sonder, aangesien die span 'n hegte eenheid vorm en getoon het dat hulle nie net rotsvaste verdedigers het nie, maar ook die nodige slaankrag in die voorlyn het.

Die derde span, wat eers onlangs begin speel het, se kanse is goed om vir 'n verrassing teen die Kovsies te sorg.



NIC VREKEN
Foto: Fotokuns



DEWALD STEYN
Foto: Fotokuns

# Langasems van die Puk sal as gunstelinge wegspring

**„Wannaer die landlopers om halftwee Saterdagmiddag wegspring, sal die Pukke weer eens die gunsteling wees om sowel die individuele as spankompetisie te wen.**

In die spankompetisie het die Pukke vanjaar hulle sterkte getoon deur die ligakompetisie in Wes-Transvaal te buit. Beserings het hulle egter in die wiele gery sodat hulle nie as 'n volle span aan die interuniversitêre byeenkoms kon deelneem nie. Die Kovsies weet dus nie eintlik wat op hulle wag nie.

**STRYD**

Die stryd om die eerste plek behoort hoofsaaklik tussen Dewald Steyn en Leendert Snyman uitgespook te word. Die beste Kovsie, Hennie Lombaard, behoort goed rekenskap van homself te gee, maar hy kan baie sterk teenstand van George Muldner en Kobus Jooste verwag, terwyl 'n fikser Fanus Heysteck aldrie kan klop.

**WENPAAL**

Koos van Vuuren behoort ook voor die meeste Kovsies by die wenpaal aan te kom, en die twee beginners, Casper van Rooyen en Frikkie Meiring, behoort hulle goed van hul taak te kwyt.

„Die Kovsies word die beste vir die wedloop toegewens, en ons vertrou dat die baan vir vinnige tye verantwoordelik sal wees", het die kaptein' van die P.U.-landloopspan, Dewald Steyn, gesê.

## Ruimte gaan bespreek word

Die Pukke behoort goeie rekenskap van hulself te gee in die debatkompetisie teen U.O.-V.S., het mnr. Arrie de Beer, voorsitter van die plaaslike vereniging gesê.

Twee van die volgende drie onderwerpe sal vanaand bespreek word:

Moet die wetenskaplikes die buitenste ruim ondersoek?

Kan die buitelandse massakommunikasiemiddele werklik Suid-Afrika se naam grootliks versleg?

Moet Suid-Afrika beeldradio kry?

Mnre. Dirk Wijnbeek, Willie Coetzee, en mejj. Babs van Niekerk en E. Maree sal vir die Puk optree.

Die Kovsies is baie welkom in ons midde, het mnr. De Beer gesê, en die Debatsvereniging sien uit na 'n lewendige en interessante stryd.

Die kompetisie vind om 7 30 vanaand in die Frans du Toitgebou plaas.

## Beatle-styl se skuld

**'n Motoris van Daventry, Brittanje, wat in 'n ongeluk met 'n motorfietsryer betrokke was, is vandeesweek in die hof vrygespreek van nalatige bestuur, nadat die hof bevind het dat die motorfietsryer se Beatle-haarstyl sy gesigsvermoë belemmer het.**


MOOIRIVIER APTEEK

Kerkstraat 205 Tel. 6341

Agente vir:

„Helena Rubenstein"

-Skoonheidsmiddels


# MANSHOKKIE GAAN ALLES IN STRYD WERP

**„Dit is weer eens Augustus en tyd vir ons jaarlikse kragmeting teen die Kovsies. Aan hulle kan ons net sê dat die manshokkiespan vanjaar alles in die stryd gaan werp om verlede jaar se neerlaag te wreek."**

Dit is die verwelkomingswoorde van die kaptein van die P.U. se manshokkiespan, Piet Kempff, aan die span van U.O.V.S.

Hartlik welkom hier in Potchefstroom, manne van Bloemfontein. Ons wens julle sukses toe vir die Intervarsity. Laat ons mooi en goeie hokkie speel en 'n ware sportmangees aan die dag lê. Mag die beste span wen!


Aangesien die P.U.-manshokkieklub nie na die onlangse Interuniversitêre toernooi kon gaan nie weet ons nie hoe sterk die Kovsiespan is nie. Ons kan maar net sê ons sal met mooi en konstruktiewe hokkie die besoekers probeer oorrompel. Almal voel lus vir die Bloemfonteiners.



PIET KEMPFF
Foto: Fotokuns


Besoek eksotiese Suid-Amerika

'n Volle 26 dae in Suid-Amerika



17 JAN.—14 FEB. 1966

'n Opwindende 29-DAAGSE T.F.C.-LUGTOER wat die meeste vrolike stede en lieflike natuurskoon dek teen 'n SPESIALE ALLESINSLUITENDE PRYS wat helfte is van die gewone lugtarief!

*'n Wonderlike ekskursie vir jongmense!*

R570 (INSLUITEND)

RIO DE JANEIRO, SAO PAULO, PORTO ALEGRE, MONTEVIDEO, BUENOS AIRES

*Skakel u plaaslike Reisagent of*

T.F.C. TOURS (EDMS.) BPK.
4de Verdieping — New Plaza Centre,
H/v. Rissik- en Jeppestraat,
JOHANNESBURG. Tel. 838-3011

'N TFC -TOER



BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!


# „KOEK EN TEE' AANGEBIED VIR SKAAKSPELERS

**„'n Skaakspel is in wese 'n oorlog. Dit is 'n oorlog wat gevoer word totdat die opponent vernietig is. Verder is skaak 'n spel van die brein. Hier gaan dit nie om liggaamskrag en fiksheid nie, maar gaan dit om breinkrag en konsentrasie," het mnr. Nic Vreken, voorsitter van die P.U.-Skaakklub gesê.**

Die geskiedenis van skaak het al baie groot manne soos Laster, Steintz en andere opgelewer. Die P.U.-Skaakklub beskik vanjaar oor soortgelyke manne en dit spreek boekdele, soos die Kovsies wel ter gelegenertyd sal besef.

"Die Kovsies is baie welkom om hier op die Puk teen ons manne die intellektuele oorlog te kom voer."

"Ons hoop hulle sal die koek en tee baie geniet. maar wat die skaak betref is ons bevrees. Die P.U.-Skaakklub beskik vanjaar oor 'n baie goeie span wat moeilik geklop gaan word."

"Ons vertrou dat die spelle in 'n baie goeie gees gespeel sal word en ons wens ons opponente 'n aangename stryd toe," het mnr. Vreken gesê.

# SPANNE VIR KWARTEEU-INTERVARSITY

**Die volgende rugbyspanne sal môremiddag in die „grandfinale" van die 1965 Intervarsity teen mekaar te staan kom:**

| P.U. vir C.H.O. Eerstespan. | U.K.O.V.S. Eerstespan |
|---|---|
| K. du Plooy | D. Gray. |
| K. Havinga | Coetzee. |
| F. van Tonder | Louw. |
| A. Du Plooy. | Bosman. |
| I. Joubert. | Smit. |
| B. Fourie. | Van Tonder. |
| K. van der Walt. | Fowler. |
| C. Putter. | Brand. |
| F. Postma. | Kock. |
| C. van der Merwe. | Van Schalkwyk. |
| L. de Bruin | Jordaan. |
| C. Van der Merwe. | Strydom. |
| D. Tromp. | Venter. |
| G. Yssel. | Reinecke. |
| Bossie Muller. | Coetzer. |

Die ander Pukspanne sien soos volg daaruit.:

| Tweedespan. | Vierdespan. |
|---|---|
| S. Hoogenboezem. | W. Bosman. |
| N. du Preez. | J. Erasmus. |
| L. Coetzee. | J. Kruger. |
| B. de Klerk. | A. Behm. |
| D. van Wyk. | B. Gey von Pittius. |
| E. Kruger | F. Verwey. |
| B. Vorster. | B. Schutte. |
| V. van der Merwe. | H. Steyn. |
| D. Malan. | B. Buys. |
| P. Markram. | H. Coetzee. |
| D. du Plessis. | N. Gey von Pittius. |
| D. Pentz. | A. van der Merwe. |
| P. du Plessis. | J. J. Kirstein. |
| C. Siebert. | C. Els. |
| W. Scott. | F. du Plessis. |

| Derdespan. | Vyfdespan. |
|---|---|
| S. Bruwer. | M. Jocobs. |
| H. Malan. | D. van der Merwe. |
| C. Rautenbach. | M. Postumus. |
| K. Marais. | T. George. |
| F. Joubert. | L. Roux. |
| M. Buys. | D. Laufs. |
| P. van Zyl. | A. Barnard. |
| J. Erasmus. | G. van Wyk. |
| K. Grobler. | K. Botha. |
| C. Coetzee. | A. de Wet. |
| W. Doubell. | J. Barnard. |
| F. Roothman. | S. Scheepers. |
| P. Naude. | S. van Vuuren. |
| P. Mulder. | K. van Wyk. |
| D. Briers, | L. van Wyk. |





*Dit is die snit wat tel . . .*
- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411



*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171

**Koekoes Reinecke, kaptein van die Kovies se eerste rugbyspan, stuur sy beste groete vir 'n aangename en harde wedstryd.**

**DIE volgende spanne gaan die Puk in die 25ste Intervarsity teen U.O.V.S. verteenwoordig:**

**MANS-TENNISSPAN**
EERSTESPAN: D. Smith (of) P. M. Mitchell, T. Malan, P. van der Walt, G. van der Schyff en A. van Staden.
TWEEDESPAN: J. Badenhorst, B. W. Wentler, K. Meintjies, D. Steyn, H. Bekker, D. Morkel.
DERDESPAN: F. de Vos, J. Stander, J. van der Walt, P. van der Walt, M. van der Linde, G. Wessels.
RESERWE: J. Mitchell.

**DAMESTENNISSPAN**
EERSTESPAN: Stella Venter, (of) L. Joubert, L. Dreyer, S. Aucamp, M. Brink, H. Jamneck.
TWEEDESPAN: C. de Kock, P. Coetzee, A. Brink, H. Venter, W. de Vos, E. Stigling.
RESERWES: J. Venter, R. Vorster, H. van der Walt.

**LANDLOOPSPAN:**
D. Steyn, L. Snyman, F. Heysteck, G. Muldner, K. Jooste, K. van Vuuren, F. Meiring en L. Viljoen.

**STOEI**
KAPOKGEWIG: J. Oosthuizen,
VEERGEWIG: M. F. van der Walt en C. N. Smit,
LIGGEWIG: R. F. Botha, J. Boshoff, D. Bosman en P. Potgieter.
WELTERGEWIG: P. A. Goosen, P. König en M. Lindeque.
MIDDELGEWIG: L. Wolmerans.
LIGSWAAR: J. Viljoen.

**MANSHOKKIE**
EERSTESPAN: A. du Plessis, W. Enslin, R. Stotesbury, J. van der Walt ,J. Jarvis, G. Snyman, L. Aucamp, G. Simpson, G. Krüger, P. Kempff (kapt.) P. Mulder, H. Lessing.
TWEEDESPAN: R. Aucamp, J. Lindhout, L. van der Walt, R. Monster, H. H. Lessing, H. Viljoen, B .Steyn, H. Veldman, T. Hutcheons, H. du Plessis en R. Mulder.


**MANSTAFELTENNIS**
EERSTESPAN: P. van der Walt (kapt.), T. Markgraaf, G. Uys.
TWEEDESPAN: P. Marais, A. Venter, W. Frauendorf.
DERDESPAN: D. Smith (kapt.) P. Mitchell, K. Havenga.
VIERDESPAN: F. Buys (kapt.), H. Boon, P. Pretorius.

**DAMES**
EERSTESPAN: B. Brits (kapteine), Y. Ferreira, S. Steyn.
TWEEDESPAN: F. Rümpff (kapte.), J. du Toit, H. de
DERDESPAN: S. du Bruyn (kapte.), M. du Buisson, J. Lessing, R. de Klerk.

**SKAAK**
A. L. B. du Plessis, S. A. Joubert, N. J. Vreken, F. Coetzee, A. J. Neethling, J. Welding, J. van Rooy, G. H. J. Krüger, J. P. L. van der Walt en J. van Vuuren.

**KORFBAL**
EERSTESPAN: J. Wissing, A. Schutte, H. Geldenhuys, I. Pienaar, C. Hattingh, L. Rautenbach. S. Moodie, L. Human (kapte.), C. Mulder.
TWEEDESPAN: J. Hecheten, B. Combrink, M. Laufs, T. Miller, M. Uys (kapteine), M. Struwig, M. Botha, S. van Heerden S. van Rooy.

**SOKKER**
A-SPAN: C. Coetzer, F. van Wyk, A. Wright, M. Adams, W. Botha, J. van Graan, W. Brewis, S. du Plessis, N. Louw, J. Moens, P. van Vuuren.
B.-SPAN: K. van Rensburg, E. Jarvis, A. Vorster, S. van der Walt, J. van Rooy, C. van Vliet, J. Bradley, H. van der Merwe, G. Steyn, B. Wentler, D. Wissing.
C.-SPAN: K. Venter, M. Spoelstra, J. Geldenhuys, S. du Plessis, E. van Eck, K. Welman, J. de Jager, M. M. Gibbs, G. Overbeeck, J. Cronje, O. Cronje.



IN DEO SAPIENTIAE LUX

***Die Wapad Sê—***
***Vang Gees PUKKE ! !***

IN U LIG



**MEJ. LOUREEN HUMAN**



**PIETER VAN DER WALT**

# *Program*

'n Volledige program vir die Intervarsity kan teen 10 sent by die Studenteraadskantoor gekoop word.

Dit bevat ondermeer verskeie boodskappe, fotos, 'n plan vir die veldloop en 'n program vir die twee dae wat die Kovsies op die Puk se kampus sal deurbring.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.**